Navrae
Enquiries I.J. MORKEL
Imibuzo
Telefoon
Telephone (021) 467-2768
Ifoni
Faks
Fax (021) 467-2996
Ifeksi
Verwysing
Reference 20011212-0017
Isalathiso 13/12/10/B

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Western Cape Education Department
ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 164/2001
VERVALDATUM: GEEN
AAN: HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), SENIOR KRINGBESTUURDERS EN KRINGBESTUURDERS, HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS EN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME VAN OPENBARE SKOLE

*KORT OPSOMMING: Hierdie omsendbrief het ten doel om ontgroening en inisiasie prosesse by skole te beheer.*

**ONDERWERP: ONTGROENING BY SKOLE**

1. Dit het by baie skole en onderwysinrigtings 'n instelling geword om aan die begin van elke jaar nuwelinge te verwelkom deur middel van 'n verpligte proses van ontgroening en inisiasie.

2. Dit het ongelukkig oor die afgelope paar jaar geblyk dat 'n groot persentasie van die leerderkorps onder die indruk verkeer dat alle beskaafde norme, respek vir medeleerders, skoolreëls en dissipline tydens hierdie prosesse oorboord gegooi kan word. Die ontgroeningsproses wat voorheen samehorigheid ten doel gehad het, het in die hedendaagse bestel by al hoe meer inrigtings nadelige gevolge gehad. Dit kan ook tot lewensverlies lei. Hierdie inisiasie kan ongelukkig nie verder toegelaat word nie omdat dit aanleiding kan gee tot siviele aksies teen leerders, skole of selfs die Wes-Kaap Onderwysdepartement, iets wat verreikende gevolge vir die partye kan inhou.

3. Terwyl leerders by skole die geleentheid gegun word om deel te neem aan verwelkomingseremonies vir nuwe leerders, kan dit slegs toegelaat word indien die opvoederpersoneel self die seremonies reël en direk daaroor toesig hou sodat orde en dissipline by skole gehandhaaf word.

4. Beheerliggame en prinsipale word versoek om ingevolge **"Die regulasies betreffende ernstige wangedrag van leerders by skole"** op te tree teen leerders wat hulle skuldig maak aan ontoelaatbare gedrag wat met ontgroening verband hou.

5. Ouers moet verder voortdurend aangemoedig word om hul kinders te waarsku teen onaanvaarbare gedrag en gebruike by skole.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel en die lede van die beheerliggaam.

7. Die Xhosa-vertaling van hierdie omsendbrief sal mettertyd beskikbaar wees en sal aan die betrokke skole gepos word.

**WND. HOOF: ONDERWYS**
DATUM: 2001.12.19